HOOFSTRAAT
PAARL
7646

LAERSKOOL PAARL GIMNASIUM

Tel: (021) 872 4505/4510
E-pos:admin@kleingim.co.za
www.kleingim.co.za

# ~ Sedert 1858 ~

**Adres: Hoofstraat, Paarl, 7646**
**Tel: 021-872 4505**
**E-pos: admin@kleingim.co.za**
**Webtuiste: www.kleingim.co.za**

**Skoolhoof: Mnr. L Lategan**

# INHOUDSOPGAWE


1 Visie/Missie/Kernwaardes
2 Skoolure
3 Toelating
4 Skoolbeheerliggaam
5 Personeel
6 Ouers
7 Dissiplinêre stelsel, -protokol & gedragskode
8 Skooldrag
9 Skoolgelde
10 Kurrikulum
11 Nasorg
12 Kultuur
13 Sport
14 Leierskap
15 Algemeen
16 Skoollied
17 Leuse
18 Slot

1. **<u>VISIE:</u>**

- ‘n Uitnemende Afrikaanse skool waar die son van geregtigheid elke kind sal bestraal.

**<u>MISSIE:</u>**

- Bevorder ‘n tradisieryke waardegedrewe Gim-familie.
- Bied maksimale geleenthede vir elke kind.
- Die daarstel van kundige personeel op alle gebiede.
- Beskikbaarstelling van top gehalte fasiliteite.
- Gebalanseerde kind met godsdienstige waardes daar te stel.
- Toekomsgerig met geleenthede vir elke kind.

**<u>KERNWAARDES:</u>**
**Kwartaal 1 – Liefde**
(Liefde vir jou Skepper, liefde vir jou medemens, liefde vir jou land, liefde vir jou skool en liefde vir werk.)
**Kwartaal 2 – Selfdissipline**
(Neem verantwoordelikheid, onafhanklik kan werk, uitnemendheid in wie ek is en wat ek doen, betrokkenheid, uniekheid uitleef, volharding, selfbeheersing, “Gimmie Guts”.)
**Kwartaal 3 – Integriteit**
(onbreekbaar, eg, eerlik, opreg, betroubaar.)
**Kwartaal 4 – Dankbaarheid**
(Identiteit, gawes, talente, familie, vriende, skool, omstandighede, gesondheid)

2. **<u>SKOOLURE:</u>**

**Terreindiens deur personeel is daagliks op ‘n roteerbasis vanaf 07:25 soggens en ook gedurende pouses. Leerlinge word met verdaging deur personeel na die hekke vergesel.**

<table>
<tr><th>Grade</th><th>Maandae tot Donderdae</th><th>Vrydae</th><th>Hekke vir aankoms & verdaging</th></tr>
<tr><td>Gr. 00 + 0</td><td>07:40-12:30</td><td>07:40-12:00</td><td>Gimlaggies gebou</td></tr>
<tr><td>Gr. R</td><td>07:40-12:45</td><td>07:40-12:30</td><td>Gr. R-hek Gimnasiumstraat</td></tr>
<tr><td>Gr. 1</td><td>07:40-13:15</td><td>07:40-13:00</td><td>Gr. R-hek Gimnasiumstraat</td></tr>
<tr><td>Gr. 2</td><td>07:40-13:15</td><td>07:40-13:00</td><td>Klein hekkie Gimnasiumstraat</td></tr>
<tr><td>Gr. 3</td><td>07:40-13:45</td><td>07:40-13:00</td><td>Klein hekkie Gimnasiumstraat</td></tr>
<tr><td>Gr. 4</td><td>07:40-14:15</td><td>07:40-13:05</td><td rowspan="4">Meulstraathek (aankoms & verdaag)<br>Klein hekkie in Hoofstraat (slegs verdaag)</td></tr>
<tr><td>Gr. 5</td><td>07:40-14:15</td><td>07:40-13:05</td></tr>
<tr><td>Gr. 6</td><td>07:40-14:15</td><td>07:40-13:05</td></tr>
<tr><td>Gr. 7</td><td>07:40-14:15</td><td>07:40-13:05</td></tr>
<tr><td>ELSEN</td><td>07:40-13:00</td><td>07:40-13:00</td><td>Klein hekkie Gimnasiumstraat</td></tr>
</table>

**<u>Pousetye gr. 00-7:</u> Grade hou pouse op verskeie tye deur die loop van die dag.**

<table>
<tr><td>Gr. 00+0</td><td colspan="4">Maandae tot Vrydae<br>10:30 – 11:30</td></tr>
<tr><td>Gr. R</td><td colspan="4">Maandae tot Vrydae<br>10:00 – 10:30</td></tr>
<tr><td>Gr. 1</td><td>Maandae<br>10:10 – 10:30</td><td>Dinsdae<br>09:45 – 10:05</td><td>Woensdae, Donderdae<br>10:10 – 10:30</td><td>Vrydae<br>09:45 – 10:05</td></tr>
<tr><td>Gr. 2</td><td colspan="2">Maandae tot Woensdae<br>10:10 – 10:30</td><td>Donderdae<br>09:45 – 10:05</td><td>Vrydae<br>10:10 – 10:30</td></tr>
</table>

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Gr. 3** | **Maandae, Dinsdae**<br>10:10 – 10:30<br>12: 15 – 12:30 | **Woensdae**<br>09:45 – 10:05<br>12: 15 – 12:30 | **Donderdae**<br>10:10 – 10:30<br>12: 15 – 12:30 | **Vrydae**<br>10:10 – 10:30 |
| **Gr. 4 – 7** | **Maandae**<br>09:50 – 10:10<br>12:40 – 12:55 | **Dinsdae**<br>10:10 – 10:35<br>12:35 – 12:50 | **Woensdae, Donderdae**<br>10:00 – 10:25<br>12:25 – 12:40 | **Vrydae**<br>10:10 – 10:35 |

## 3. <u>**TOELATINGSBELEID:**</u>

Aansoeke om skooltoelatings vir 2024 open (vir alle gewone openbare skole) op die WKOD se aanlynstelsel soos deur WKOD gekommunikeer. Alle nuwe leerlinge wat aansoek wil doen, moet eers op die WKOD-aanlynstelsel registreer en die nodige dokumentasie op die stelsel oplaai. Doen betyds aansoek om teleurstelling te verhoed. Ouers word elektronies vanuit die WKOD-aanlynstelsel se platform van die uitkoms in kennis gestel. Hierna moet ouers op die WKOD-aanlynstelsel vanaf self plekbevestiging/aanvaarding doen.

3.1 Grondslagfase (gr. 00-3)

Gr. 00 tot R: Leerlinge vanaf 3 – 6 jaar mag tot die groep toegelaat word. Met toestemming, mag ‘n leerling uitstel kry vir skooltoelating op die ouderdom van 7 jaar.
Gr. 1 tot 3: In die beste belang van ’n leerling, moet hy/sy vir gr. 1 ingeskryf word vir die jaar waarin hy/sy 7 jaar oud word.

3.2 <u>Intermediêre/Senior fase</u>

Graad 4 tot 7: Leerlinge mag hier toegelaat word tot en met twee jaar bo die ouderdomsnorm vir die spesifieke graadgroep.

3.3 <u>LSOB</u> (Leerlinge met spesiale onderwysbehoeftes)

Enige leerling met spesiale onderwysbehoeftes, hetsy akademies, emosioneel, finansieel, sosiaal, ens. mag tot die skool toegelaat word aangesien ons KABV volg waarvolgens daar in **alle leerlinge** se behoeftes voorsien moet word en ons spesialis onderwysers op daardie terreine het.

- Geen leerling mag egter van ’n gewone, openbare of privaatskool na ons verwys word sonder die nodige amptelike dokumentasie of verslae nie, aangesien alle openbare en privaatskole verplig is om inklusiewe onderrig aan te bied.
- Geen leerling mag sonder die nodige amptelike verwysings of dokumentasie tot ons skool toegelaat word vanaf 'n spesiaal aangepaste skool nie.
- Indien ‘n leerling die ouderdomsnormperk met meer as twee jaar oorskry, mag hy/sy slegs toegelaat word met die skriftelike goedkeuring van die Kringbestuurder, indien:
  (i) dit in belang van die leerling is;
  (ii) dit nie tot nadeel van die ander leerlinge is nie.

3.4 <u>Bronklas</u>

Leerlinge word deur die WKOD in die Bronklas geplaas, maar moet steeds aansoek by die skool doen en die normale/formele toelatingsproses afhandel alvorens die leerling kan inskakel. Leerlinge wat BAIE hoë intervensie/ondersteuningsvlakke benodig, kry voorkeur. Leerlinge met fisiese gebreke, maar kognitief nie gestrem, moet inklusief in die hoofstroom hanteer word. Leerlinge wat in ’n spesiale skool behoort te wees (weens bg. rede), maar weens een of ander rede nie so ’n skool kan bywoon nie.
Leerlinge wat reeds ouer is: ’n leerling is bv. in die Intermediêre fase geplaas, maar funksioneer steeds op Grondslagfase-vlak of laer.
Leerlinge 13 jaar en jonger word toegelaat.
Alle leerlinge moet *potty trained* wees.
Geen leerling met ’n ernstige gedragsleerhindernis word toegelaat nie.

## 4. <u>**SKOOLBEHEERLIGGAAM:**</u>

Gimnasium se Skoolbeheerliggaam verrig vrywillig en sonder enige vergoeding ’n geweldige omvangryke taak in belang van die skool en sy gemeenskap. Die verkose lede is:

| | |
|---|---|
| Mnr. O Doyer: | Voorsitter / Infrastruktuur: |
| Mnr. J de Villiers: | Ondervoorsitter / Bemarking & Fondswerwing |
| Mnr. L Lategan: | Skoolhoof |
| Mnr. H Nel: | Adjunkhoof |
| Me. M Meintjes: | Menslike Hulpbronne |
| Mnr. E Duvenhage: | Tessourier |
| Mnr. J Stemmet: | Sport |
| Me. N Barnard: | Kultuur |
| Me. A Grobbelaar: | Bemarking & Fondswerwing |

## 5. **PERSONEEL:**

**Bestuurspan:**

| | |
|---|---|
| Mnr. L Lategan: | Skoolhoof |
| Mnr. H Nel: | Adjunkhoof |
| Me. A Ferreira: | Departementshoof: Grondslagfase (GF: gr. 00-3) |
| Me. E Janson: | Departementshoof: Intermediêre fase (IF: gr. 4-6) |
| Mnr. N Botha: | Departementshoof: Seniorfase (SF: gr. 7) |

**Administrasie:**

| | |
|---|---|
| Me. M Geldenhuys: | Ontvangs / Leerlingadministrasie (afwesighede) |
| Me. C Symington: | Kommunikasie / PA: Skoolhoof / Leerling-toelatings |
| Me. I Pelser: | Dienste / Operasioneel |
| Me. J Terblanche: | Finansies / Rekenmeester |
| Me. L Sieberhagen: | Debiteure / Skoolfonds / Nasorgtoelatings |

**Sportkantoor:** Mnr. N Theart en sport-assistente Mnr. K Hasley, Mnr. L Bitterhout en Me. S Swart

**Terreinbestuurder:** Mnr. K Nel

**Ontwikkelingsbestuurder:** Me. A Grobbelaar

**Klub Klein Gim:** Me. JM Campher

**Klasopvoeders:**

** GK: Graadkoördineerder*

| Grondslagfase (GF) | | Intermediêre- & Seniorfase (Intersen) | |
|---|---|---|---|
| Gr. 00<br>Assistent | Me. M Slabbert<br>Me. U Hendriks | Gr. 4.1<br>Gr. 4.2<br>Gr. 4.3<br>Gr. 4.4-GK | Me. T Schreuder<br>Me. M Steyn<br>Me. S Bartlett<br>Me. P Ackermann |
| Gr. 0.1-GK<br>Gr. 0.2<br>Gr. 0.3<br>Assistente | Me. C Victor<br>Me. A de Vos<br>Me. H Manefeldt<br>Me. B Gelant | Gr. 5.1<br>Gr. 5.2-GK<br>Gr. 5.3<br>Gr. 5.4 | Me. L Odendaal<br>Me. M Grundlingh<br>Me. H Botha<br>Me. S Terblanché |
| Gr. R.1<br>Gr. R.2<br>Gr. R.3-GK<br>Gr. R.4<br>Assistente | Me. N Coetzee<br>Me. I Lategan<br>Me. L Laubscher<br>Me. C Rheeder<br>Me. A Beukes<br>Me. A Haywood | Gr. 6.1<br>Gr. 6.2-GK<br>Gr. 6.3<br>Gr. 6.4 | Me. M Pretorius<br>Mnr. J van Schoor<br>Me. M Engelbrecht<br>Mnr. H Loock |
| Gr. 1.1<br>Gr. 1.2<br>Gr. 1.3-GK | Me. L Rademeyer<br>Me. C Minnie<br>Me. L Koen | Gr. 7.1<br>Gr. 7.2<br>Gr. 7.3-GK | Me. H Redelinghuys<br>Mnr. S Clarke<br>Mnr. M Durr |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gr. 1.4<br>Assistente | Me. N Smith<br>Me. K Walters<br>Me. N Laker | Gr. 7.4 | Mnr. R Neethling |
| Gr. 2.1-DPH<br>DPH Assistent<br>Gr. 2.2-GK<br>Gr. 2.3<br>Gr. 2.4<br>Assistent | Me. A Ferreira<br>Me. C Adams<br>Me. Stofberg<br>Me. R Rall<br>Me. E Hugo<br>Me. M Bruwer | English Home Language<br>Intersen Assistente<br><br>Kreatiewe Kunste:<br>Gr. 4-6<br>Visuele kuns,<br>musiek, drama, dans | Me. S Nel<br>Me. C Claasen<br>Me. I Doubell<br>Me. S du Plessis |
| Gr. 3.1<br>Gr. 3.2<br>Gr. 3.3<br>Gr. 3.4-GK<br>Assistent | Me. A Fourie<br>Me. M Marais<br>Me. N Barnard<br>Me. E Sadie<br>Me. C Juries | Skeppende kunste: Gr. 7<br>Musiek:<br>Visuele kuns: | <br>Me. M Engelbrecht<br>Me. S du Plessis |
| Liggaamsopvoeding:<br>Gr. 1-3 | Dogters en seuns:<br>Klasopvoeders en<br>assistente | Liggaamsopvoeding:<br>Gr. 4<br>Gr. 5<br><br>Gr. 6<br>Gr. 7 | <br>Mnr. M. Durr<br>Mnre. S. Clarke en<br>R. Neethling<br>Mnr. R. Neethling<br>Mnr. S. Clarke |
| Visuele Kuns: gr. 1-3 | Me. J Nel | isiXhosa: gr. 1-3 | Me. E Janson |
| Bronklas: Me. B Lategan / Me. L Naudé (assistent) | | | |
| Leerondersteuning: Me. E Brown (gr. R-3) en Me. C Hamer (gr. 4-7) | | | |

## 6. **OUERS**

6.1 **Ontwikkelingskomitee (OK):**
Onder leiding van die Ontwikkelingsbestuurder en die Ontwikkelingskomitee word daar jaarliks verskeie projekte aangepak. Die projekte se fondse word dan deur die Skoolbeheerliggaam bestuur. Elke klas het 'n klasverteenwoordiger wat betrokke is by die OK se projekte, bv. Gim-kuieraand (Karnaval), Smulmarkte, Aand om te Onthou en Interskole Geesdans.

6.2 **Klub Klein Gim** lewer 'n addisionele bydrae tot die uitbou en instandhouding van ons skool. Hulle sorg ook vir die sosiale komponent van die skool en bied o.a. die Gim Meesters Gholfdag, asook gesinskampgeleenthede aan.

6.3 **Advertensieborde:**
Raadpleeg me. Jean-Marie Campher indien u by Chevé-sportgronde, Chevé-astro of Laerskool Paarl Gimnasium se binnenshuise swembad wil adverteer.

6.4 **Borgskappe:**
Indien u betrokke wil raak by borgskappe vir die skool, kontak me. Adéle Grobbelaar.

6.5 **Ondersteunersitems:**
*Koop @ 1858* – Dit is ons eie Gimmie-winkel waar ouers en ondersteuners deurlopend items kan aankoop. Sien *D6* onder bronne/skoolsake - Slegs per aanlyn-bestelling. Klere, asook ander ondersteunersitems kan by OK-kantoor aangekoop word. Navrae: me. Adéle Grobbelaar - adeleg@kleingim.co.za / me. Jean-Marie Campher – kkg@kleingim.co.za

6.6 **Klerebank:** Tweedehandse skoolklere beskikbaar teen bekostigbare pryse. Rig 'n e-pos met u versoek aan me. Ina Pelser - dienste@kleingim.co.za

6.7 **Mammas wat omgee** is 'n interkerklike gebedsgroep vir ma's wat graag wil saambid vir ons skool, personeel, leerlinge en ouers. Kontak asb. vir me. Margeaux Heydenrych – 084 866 5481 vir meer inligting.

6.8 Sosiale Media / facebook ... **Paarl Gimnasium Offisieel *Facebook* blad**

Raak deel van Laerskool Paarl Gimnasium se offisiële *Facebook* blad. Klik op die skakel en stuur 'n *join request:* https://www.facebook.com/groups/183426155628789/

Die doel van ons *Facebook* blad is om 'n bietjie te spog oor ons skool. Ons plaas graag ons leerlinge se prestasies (sport, kultuur of akademies) op die blad. Ons deel ook die personeel se verjaarsdae of spesiale geleenthede waar ons skool en leerlinge betrokke is.

Ons kinders, die skool en personeel se veiligheid is vir ons belangrik, dus word die volgende *Facebook* blad reëls toegepas:

- Geen foto's met name word geplaas nie. Ons maak gebruik van algemene bewoording, soos "Baie geluk aan die volgende Gimmies", ens.
- Ons *Facebook* blad is geslote. Ons probeer die groep so privaat as moontlik hou.
- Geen foto's kan gedeel word nie.

Indien ons NIE foto's van u kind(ers) op *Facebook* mag plaas nie, respekteer ons u besluit. Maak asb. seker dat die skool skriftelik ingelig word.

- Alle foto's en/of versoeke moet eers na die Sportkantoor, Kultuurkoördineerder(s) of klasopvoeders gestuur word voordat plasings gedoen kan word.

6.9 **<u>Ouerskakeling</u>**

- <u>Kwartaalprogram/Kalenderdatums:</u>

Belangrike datums is deurlopend op die *D6/Connect App*: kalender aangedui – onderhewig aan veranderinge. Hou ook die Kitsnuus dop.

- <u>Sportprogram:</u>

Sportroosters is onder die bronne-funksie van *D6/Connect App* beskikbaar.
Datums van wedstryde en toernooie word op die kalender aangedui.
Volg weekliks die Kitsnuus vir die wedstrydroosters, veranderinge en meer inligting onder die bronne-funksie.

- <u>*D6/Connect App* -toep*;* Kitsnuus en kennisgewings:</u>

Ouers word vriendelik versoek om die toep af te laai en sodoende op hoogte te bly van belangrike skoolinligting. Die leerlingdatavorm wat aan die begin van die jaar aan leerlinge uitgedeel word om te voltooi, maak voorsiening van die nodig POPIA vereistes. Maak asb. seker dat dit na die skool teruggestuur word.
Die Kitsnuus is 'n nuusbrief wat weekliks saamgestel word met die volgende week se inligting en sportprogramme. Dit word op 'n Vrydag opdateer en sal vanaf 12:00 verskyn onder die Bronne-funksie. Sien ook onder die Bronne-funksie die kalender wat onderhewig is aan deurlopende veranderings, die sportrooster met tye, beheerliggaamskrywes, ens. Indien u toegang tot internetfasiliteite tuis of by u werk het, gaan u elke Vrydag die Kitsnuus via internet/*D6/Connect App* ontvang. Vir die selfoon weergawe sien *Google Play Store* / *Apple App Store*. Tik *D6/Connect App* by die soek-opsie in. Selekteer en laai die toep af.

- <u>Jaarblad:</u>

Beskikbaar aan die einde van die jaar.

- <u>Inligtingsaande:</u>
- Vroeg in die eerste kwartaal word inligting ten opsigte van prosedures en algemene organisasie aan klasouers oorgedra. Aktuele onderwerpe (bv. dissipline, studiemetodes, ens.) word gedurende die jaar aangespreek.

- <u>Ouerbesoeke:</u>

Besoeke word 1 keer per kwartaal gereël. Ouers kry geleentheid om individueel met klasopvoeders te gesels en die assesseringstake te besigtig.

- <u>Sosiale geleenthede:</u>

Dit is die verantwoordelikheid van die Ontwikkelingskomitee (OK), asook Klub Klein Gim (KKG). Die jaarprogram handhaaf 'n balans tussen sosiale- en opvoedkundige geleenthede. Volg die Kitsnuus (weekliks op Vrydae) vir inligting hieroor. Klasverteenwoordigers sal ook via WhatsApp-klasgroepe inligting versprei in klasverband.

- Spreekure**:**
Indien enige onsekerheid of besorgdheid by u ontstaan of as u oor u kind se akademiese/ emosionele vordering wil kom gesels, kan u gerus 'n e-pos na admin@kleingim.co.za stuur. Indien u 'n klasopvoeder wil spreek, moet u 'n afspraak vooraf reël en eers by Ontvangs aanmeld.

- Dringende afsprake tydens skoolure:
Indien 'n leerder deur die loop van die dag uitgeteken word vir 'n afspraak, moet die skoolhoof eers toestemming gee. Ouers moet dus **vroegtydig** die versoek **skriftelik** aan die betrokke fase se departementshoof, die klasopvoeder en Ontvangs e-pos.

7. **DISSIPLINêRE STELSEL, -PROTOKOL & GEDRAGSKODE**
Met verwysing na 'n dokument wat aan ouers beskikbaar gestel word, asook 'n afskeurstrokie ter bevestiging van die skrywe.

8. **SKOOLDRAG**
Die skool is trots op sy pragtige, tradisieryke skooldrag en daarom word dit as 'n absolute vereiste gestel dat leerlinge te alle tye netjies en korrek geklee moet wees.

**Algemeen:**
- Somersdrag: Eerste en vierde kwartaal
- Wintersdrag: Tweede en derde kwartaal
- Alle skool- en sportklere moet gemerk wees. Verlore goedere word vir 'n kwartaal gehou en dan in die klerebank geplaas om verkoop te word.
- Geen juweliersware (buiten horlosies) word tydens skoolure gedra nie. Dogters mag eenvoudige oorringetjies of knoppies (studs) en **klein** pêrelknoppies dra **(een per oor).**
- **Klere met 'n * gemerk is slegs by De Jagers Uitrusters, Hoofstraat, Paarl beskikbaar. Klere sonder 'n * kan by enige verskaffer aangekoop word.**
- Gim-sportsokkies, Gim-rugsakke (vir alle LO- sport- en nasorgklere) asook ander skooldrag-items is te koop by die OK kantoor (by die skool). Sien D6 – KOOP@1885, asook katalogus aangeheg.
- Die korrekte skooldrag moet by die skool en skoolaangeleenthede gedra word.
- In die publiek (winkel, dorp of straat) is Gimmies wat hul skooldrag aanhet, netjies en korrek geklee.
- Geen Gimmie-leerling mag sport- of ander formele byeenkomste (van beide Laerskool en Hoërskool Paarl Gim) in gewone klere bywoon nie. Kinders wat kom ondersteun, trek as volg aan:
  Gr. 4 – 7: Formele skooldrag
  Gr. 1 – 3: Formele skooldrag óf LO-klere
  Gr. 00 – R: Leerlinge word aangemoedig om hul Gimlaggies/Gimbekkies kleredrag te dra.(Sien onder.)

**Skooldrag: Gr. 00+0 (Gimlaggies) en Gr. R (Gimbekkies)**
Somer: Rooi kortmou t-hemp, rooi langmou t-hemp en groen broek.
Winter: Rooi langmou t-hemp, groen sweetpakbroek en fleece top.
Hierdie drag word **Maandae** en **Donderdae** en ook met spesiale geleenthede gedra.
Bestellings vir somersdrag is reeds per D6 gekommunikeer. Daar sal egter weer in Januarie geleentheid wees vir enkele somersdrag-bestellings. Die wintersdrag-bestelling word later in kwartaal een geneem.

**Skooldrag: Seuns gr. 1 - 7**

| | |
|---|---|
| ***Skooltrui** | Donkergroen, V-hals met skoolwapen. (Gr. 4-7 slegs saam met skoolbaadjie.) |
| ***Skoolbaadjie** | Gim-baadjie vanaf gr. 4-7 (opsioneel in somer, maar verpligtend op Maandae vir saalbyeenkomste). Skoolbaadjies moet al die knope aanhê. |
| **Broek** | Grys kortbroek (somer en winter) of langbroek (winter). |

| | |
|---|---|
| ***Skooldas** | Gim-skooldas (verpligtend in winter). |
| ***Skoolkouse** | Grys skoolkouse in skoolkleure. |
| **Skoene** | Swart toerygskoene. |
| **Hemp** | Wit kortmouhemp (somer/winter); wit langmouhemp (winter). |
| ***Reënbaadjie/ sweetpakbaadjie** | Gr. 4-7:<br>Nie verpligtend. Mag <u>nie</u> in die plek van die skoolbaadjie gedra word nie. Gevoerde warm reënbaadjies sal ook voor die winterseisoen te koop wees by die OK-kantoor.<br>Gr.1-3:<br>Mag reënbaadjie/sweetpakbaadjie **bo-oor skooltrui** in die plek van die skoolbaadjie gedra word. Gevoerde warm reënbaadjies sal ook voor die winterseisoen te koop wees by die OK-kantoor. |
| ***Oortrektrui/ pullover** | Opsioneel **vir seuns** in alle grade. Gr. 4-7 mag dit slegs onder 'n skoolbaadjie dra. |

**<u>Skooldrag: Dogters g. 1 - 7</u>**

| | |
|---|---|
| ***Skooltrui** | Donkergroen, V-hals met skoolwapen. (Gr. 4-7 slegs saam met skoolbaadjie.) |
| ***Skoolbaadjie** | Gim-baadjie vanaf gr. 4-7 (opsioneel in somer, maar verpligtend op Maandae vir saalbyeenkomste). Skoolbaadjies moet al die knope aanhê. |
| ***Rok** | Somer: Geel skoolrok en geel broekie/*hot pants/jammer/tight*.<br>Winter: Groen skoolrok en groen broekie/*hot pants/jammer/tight.* |
| **Hemp** | Winter: Wit kort- of langmouhemp. |
| ***Skooldas** | Gim-skooldas (verpligtend in winter). |
| **Skoolsokkies/kouse** | Somer: Kort, wit sokkies (**nie** *secret socks* **nie**).<br>Winter: Swart sykouse/ *grys skoolkouse in skoolkleure. |
| **Skoene** | Swart skoolkoene. |
| **Hemp** | Wit kortmouhemp (somer/winter); wit langmouhemp (winter). |
| ***Reënbaadjie / sweetpakbaadjie** | Gr. 4-7:<br>Nie verpligtend. Mag <u>nie</u> in die plek van die skoolbaadjie gedra word nie. Gevoerde warm reënbaadjies sal ook voor die winterseisoen te koop wees by die OK-kantoor.<br>Gr.1-3:<br>Mag reënbaadjie/sweetpakbaadjie **<u>bo-oor skooltrui</u>** in die plek van die skoolbaadjie gedra word. Gevoerde warm reënbaadjies sal ook voor die winterseisoen te koop wees by die OK-kantoor. |
| **Hare** | Somer: Geel (verkieslik), bruin of swart haarbenodigdhede. Geel strikkies is toelaatbaar.<br>Winter: Groen (verkieslik), bruin of swart haarbenodigdhede. Groen strikkies is toelaatbaar.<br>**Sien D6 – KOOP@1885, vir katalogus.**<br>Let wel: Interskole haarbykomstighede (rooi, geel en groen) word **slegs** gedurende Interskole gedra en is nie deel van die amptelike skooldrag nie. |

**<u>Skooltasse:</u>**

**<u>Gr. 00, 0 en R:</u>** Gim-rugsakkie word as skooltas gebruik (te koop by KOOP@1858).
**<u>Gr. 1 – 7:</u>** Stewige (verkieslik bottelgroen) tas met harde afskortings binne.

Aanvaarbare groen tasse:





- Indien rugsak-tipe tas gebruik word, moet dit twee drabande oor skouers, asook harde afskortings binne hê.
- Geen wieletjietasse nie.
- Die Gim-rugsak mag nie in gr. 1-7 as 'n skooltas gebruik word nie. Dit mag slegs vir sport-, LO- en nasorgklere gebruik word (te koop by KOOP@1858).
- Neem asseblief kennis dat die skool nie van gr. 4 – 7 leerlinge verwag om daagliks al hul werk- en handboeke huis toe te neem nie. Daar is plek vir elke leerling in elke klas om sy/haar skoolboeke te stoor. Gr. 1 – 3 leerlinge het stoelsakkies in die klas.



## 9 SKOOLGELDE

**Skoolfonds (per leerling)** 2025:

| | | |
|---|---|---|
| Grade 00,0 en 1-7 | R32 850 pj | R2 986 pm (Jan - Nov) |
| Graad R | R33 950 pj | R3 086 pm (Jan - Nov) |

- ◆ Fooie is betaalbaar VOOR/OP die 7de van elke maand, m.a.w. 7 Jan. vir Jan. en 7 Feb. vir Feb. ens. Laaste paaiement is betaalbaar teen 7 November 2025.
- ◆ Bankbesonderhede: Laerskool Paarl Gimnasium
  Eerste Nasionale Bank
  Rekeningno.: 621 879 16344
  Takkode: 200 110

**NB:** Verwysing.: Familiekode & Van soos per Rekeningstaat. (bv. 1234Smit)

**Betalingswyse:**

- Debietorder-fasiliteit is beskikbaar (tref reëlings met die finansiële beampte – me. Luzelle Sieberhagen). Debietorders word slegs op die 1e werksdag van die maand aangebied vir betaling.
- Internetbetaling. Onthou om u Familiekode en Van (bv. 1234Smit) te gebruik as verwysing. **E-pos bewysstuk na luzelle@kleingim.co.za**
- Kaartfasiliteite is by die skool beskikbaar.
- D6-betalings (verkieslik): Skoolfonds en/of nasorgfooie kan met die D6-*App* betaal word.

◆ ***Ons wil u aanmoedig om van die debietorderstelsel gebruik te maak.***

## 10 KURRIKULUM

Ons volg die nasionale kurrikulum en onderrig daarvolgens.
Vaardighede wat binne die kurrikulum bereik moet word, word duidelik uiteengesit.

10.1 Beginsels wat onderskryf word:

- Elke kind **KAN** leer en sukses ervaar.
- Sekere kinders benodig meer/minder tyd om te leer.

10.2 Leerlinge in die Grondslagfase

◆ Gr. 00 + 0 (Gimlaggies)

Daar word deurgaans gestrewe daarna om 'n veilige en goed gekontroleerde omgewing te skep waarin die leerlinge die geleentheid kry om te ontdek en te ontwikkel deur middel van spel, sosialisering en aktiwiteite spesifiek ontwerp vir hul ouderdomsgroep. Die kurrikulum is so opgestel om die jong kind se ontwikkeling deurlopend in die geheel aan te spreek.

◆ Gr. R-3 word in die volgende vakke onderrig:

1. Afrikaans Huistaal
2. English First Additional Language (gr. R uitgesluit)
3. Wiskunde
4. Lewensvaardigheid (Aanvangskennis, Persoonlike en Sosiale Welsyn,Skeppende Kunste en Liggaamsopvoeding)

**Bykomend:**
Gr. 1-3 ontvang basiese onderrig in isiXhosa as 2de addisionele taal. Dit word egter nie geassesseer nie.
As deel van ‘n infasseringsfase sal 3 leerlinge ook in 2025 Robotika as vak onderrig ontvang.

10.3 Gr. 4- tot 6-leerlinge ontvang onderrig in 6 vakke, nl.

1. Afrikaans Huistaal
2. English Home Language / English First Additional Language

3. Wiskunde
4. Natuurwetenskappe en Tegnologie
5. Sosiale Wetenskappe (Aardrykskunde; Geskiedenis)
6. Lewensvaardighede (Liggaamlike opvoeding; Persoonlike en Sosiale Welstand en Skeppende Kunste)

**Bykomend:**
Rekenaaronderrig (Microsoft 365)
Robotika

10.4 Gr. 7-leerlinge ontvang onderrig in 9 vakke, nl.

1. Afrikaans Huistaal
2. English Home Language / English First Additional Language
3. Wiskunde
4. Natuurwetenskappe
5. Tegnologie
6. Sosiale Wetenskappe (Aardrykskunde; Geskiedenis)
7. Lewensoriëntering
8. Kreatiewe Kunste (Musiek, Visuele Kuns)
9. Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe

**Bykomend:**

10. Rekenaaronderrig (Microsoft 365)
11. Robotika

10.5 **Robotika-Klub (gr. 1 – 7)**
Laerskool Paarl Gimnasium se visie is om ‘n Gimjifieke kind te help ontwikkel. Tegnologie ontwikkel voortdurend en hoewel ons een van die oudste skole in die land is, streef ons daarna om aanpasbaar te bly.

Die klub maak gebruik van Lego-robotte en *chromebooks*. Deelname aan verskeie kompetisies word voorop gestel. Kwartaallikse fooie is betaalbaar.

10.6 ‘n Hoë premie word op akademiese werk geplaas. Daar word deur middel van differensiasie na elke leerling se spesifieke behoeftes omgesien. Individuele hulp word sover moontlik verleen. ‘n Multidissiplinêre benadering word gevolg, deurdat professionele didaktiese hulp en terapeute ingespan word as ondersteuning vir akademiese probleme. Ander probleme wat leerlinge mag hê, word verwys na die SGOS (Skoolgebaseerde Ondersteuningspan).

10.7 Die volgende ondersteuningsdienste is by en deur die skool beskikbaar:

- SGOS - (Skoolgebaseerde Ondersteuningspan) Die hooffunksie van die span by die skool is om gewone onderwysers asook die leerondersteuningsonderwyser van raad te bedien ten opsigte van die identifisering van leerlinge met spesifieke onderwys-behoeftes en die ontwikkeling van programme om hulle te ondersteun.

- BRONKLAS
Klein groepie leerlinge het kognitiewe gestremdhede. Leerlinge in dié Bronklas volg ’n alternatiewe kurrikulum. Leerlinge kan slegs deur die WKOD na die Bronklas verwys word. Klasopvoeder: Me. B Lategan.

- LEERONDERSTEUNING
Leerlinge in gr. R - 7 wat hindernisse tot leer ervaar, word deur die klasopvoeders na die fase se leerondersteuningspesialis verwys. Me. E Brown (gr. R – 3) en Me. C Hamer (gr. 4 – 7) onttrek hierdie leerlinge gedurende skoolure vir die nodige ondersteuning in Tale en/of Wiskunde.
In die Grondslagfase is daar ook bykomend na skool intervensie-klasse vir gr. 1 – 3 leerlinge. Hierdie leerlinge word ook deur die klasopvoeders na die volgende leerondersteuningonderwysers verwys:
Gr. 1: Me. N Smith en L. Koen
Gr. 2: Me. B Lategan

Gr. 3: Me. N. Barnard

10.8 **Grondslagfase (Gr. 00-3)**

◆ Gr. 00 + 0

Assessering geskied **deurlopend**.

Kwartaal 1 - Ouers ontvang 'n **aanpassingsverslag**. Daar word veral op die aanpassing van leerlinge asook die vaslegging van 'n roetine gefokus.

Kwartaal 2 - Ouers ontvang 'n **vorderingsverslag.** Na aanleiding van die vorderingsverslag, word areas wat aandag benodig, geïdentifiseer en opgevolg met die nodige ouergesprekke.

Kwartaal 3 – Ouers ontvang 'n **vorderingsverslag.**

Leerlinge word herassesseer om moontlike nuwe leemtes te identifiseer en om vordering te monitor. Die leerlinge wat nog bietjie onseker is en ekstra hulp benodig, word dan ook vir 'n halfuur na skool deur hul onderskeie klasopvoeders op gereelde tye ondersteun om te verseker dat hulle so voorbereid moontlik na gr. R vorder.

Kwartaal 4 - Ouers ontvang die **finale vorderingsverslag.**

Daar is oop kommunikasie n.a.v. die Gimlaggies se vordering en die klasopvoeders skakel op 'n gereelde basis met die ouers aangaande die vordering van die kinders en om alle moontlike hindernisse wat vordering kan kniehalter, uit die weg te ruim. Oop kommunikasie en voorgestelde hulp word deurlopend aanbeveel tot voordeel van die leerlinge.

Gr. 00+0 leerlinge ontvang almal weekliks **kinderkinetika** wat by die skool deur 'n opgeleide terapeut aangebied word.

◆ Gr. R-3

Assessering geskied deurlopend deur middel van formele assesseringstake en –aktiwiteite wat volgens 'n 7-kode skaal bepunt word. Assesseringsprogramme word kwartaalliks vroegtydig aan ouers gekommunikeer. 'n Hoë premie word op akademiese werk geplaas. Onnodige afwesigheid word met erns bejeën, veral aangesien assessering deurlopend plaasvind.

- Gr. R-leerlinge ontvang ook almal weekliks **kinderkinetika** wat by die skool deur 'n opgeleide terapeut aangebied word.
- Alle vakke word deur die klasopvoeder onderrig en geassesseer, behalwe in gr. 1 - 3 waar Visuele Kuns deur 'n opgeleide kunsopvoeder aangebied word.
- Daar word na elke leerling se spesifieke behoeftes omgesien deur middel van differensiasie tydens groepwerk. Leerlinge wat intervensie benodig, word na elke assessering geïdentifiseer en ontvang dan die nodige ondersteuning tydens intervensieklasse na skool. Klasassistente in elke graad bied verder ekstra individuele hulp in klastyd aan leerlinge wie dit sou benodig. Leerlingverslae word aan die einde van elke kwartaal tydens 'n formele ouergesprek bespreek, waartydens ouers ook die geleentheid kry om die assesseringstake te besigtig.
- Leerlinge ontvang deurlopend spesiale beloningskaartjies tydens saalbyeenkomste vir akademiese vordering, prysenswaardige gedrag of vaardighede t.o.v. emosionele of sosiale ontwikkeling.
- Gr. 0 en R het elk hul eie gradeplegtigheid waar leerlinge aan die einde van die jaar 'n sertifikaat ontvang. Alle gr. 1-3 leerlinge ontvang 'n sertifikaat as erkenning vir Akademie, Kultuur- en Sportdeelname tydens die Erkenningsgeleentheid in kwartaal 4.

10.9 **Intersen fase (Gr. 4 - 7)**

◆ Deurlopende assessering vind plaas ten opsigte van inhoude, vaardighede, projekwerk, navorsing, demonstrasies, groepwerk, ens. Aan die einde van elke semester word 'n toetsreeks geskryf.

◆ Assessering en verslaggewing geskied volgens 'n 7-kode en persentasieskaal.

◆ Assesseringsprogramme wat die werksafbakening bevat, word vroegtydig beskikbaar gestel.

◆ Onnodige afwesigheid tydens die toetsreekse en eksamens word met erns bejeën en doktersertifikate moet ingedien word. Geen verlof vir vroeë vakansiereëlings.

- Na ontvangs van die kwartaallikse verslag het die ouers geleentheid om 'n afspraak met die klasopvoeder/vakopvoeder te reël ten einde die verslag te bespreek.

## 11 NASORG

**Laerskool Paarl Gimnasium Nasorg** word deur Laerskool Paarl Gimnasium bestuur. Dit bied die volgende:

- 'n Gemoedelike atmosfeer.
- Deeglike, veilige toesig en beheer.
- Huiswerk word onder toesig gedoen, hulp word verleen waar moontlik, maar bly steeds die ouer se verantwoordelikheid.
- Ruim speelgrond waar kinders kan speel in hul vrye tyd.
- Interessante vakansieprogramme met uitstappies en vermaak om die vakansienasorg vir die kinders aangenaam te maak.
- Ligte middagete/s wat vooraf by 'n privaat verskaffer bestel kan word (ouers reël dit self en kostes is ook ouers se verantwoordelikheid).

- Sportoefeninge: Leerlinge van gr. R tot gr. 7 word na skool by die skool ontvang en Sportstappers stap met kinders na Chevé-velde en terug. Nasorg vervoer leerders na skoolatletiek en ander skool-aktiwiteite binne die Paarl.
  Sportstappers neem leerlinge slegs tot 17:00 na sport, daarna moet ouers self kinders neem en gaan haal.

- **Let wel: Nasorg vervoer nie kinders na wegwedstryde nie.**
- **Nasorgure:**
  - Maandag tot Vrydag: 12:00 – 14:15 (Wagklas)
    12:00 – 15:30 (Halfdag)
    12:00 – 17:30 (Voldag)
  - Studietye: 'n Uur per middag; word aangepas tydens assesseringsweke en volgens sportroosters.
  - Nasorgtye tydens vakansies: 07:30 – 17:30 teen 'n addisionele koste van R45 per dag per leerder. 'n Opname vir vakansienasorg word vroegtydig vooraf gedoen.
- Inskrywings kan via e-pos gedoen word by luzelle@kleingim.co.za
- Navrae in verband met u rekening kan gedoen word by Luzelle Sieberhagen.
- Debietorders, as betalingswyse, kan by die skool gereël word.
- Daar is 'n kalendermaand kennisperiode by die Nasorg van toepassing.
- Kontakpersoon: Me. Bonita Stegeman (Nasorgbestuurder) - 082 534 4742 / nasorg@kleingim.co.za

**Nasorgfooie (per leerder) 2025:**

| VOLDAG: R 11 500 per jaar | HALFDAG: R 7 340 per jaar | WAGKLAS: R 4 330 per jaar |
|---|---|---|
| R1 045 pm (Jan – Nov) | R 667 pm (Jan – Nov) | R 394 pm (Jan – Nov) |

Betalingswyse soos punt 9.

## 12 KULTUUR

Kultuurkoordineerders: GF: Me. E. Sadie
Intersen: Me. M. Engelbrecht

Kultuurbeleid is op aanvraag beskikbaar.

### 12.1 Koor

- By koor ontwikkel leerlinge 'n liefde en waardering vir sang en musiek deur liedere te sing wat relevant tot hul leefwêreld is.
- Aspekte soos stemontwikkeling, gehoor, asemhaling en die genot van saam musiek maak geniet aandag.

- Junior Koor: gr. 1-3, o.l.v. me. A. Ferreira en begeleidster, me. C. Louw
- Senior Koor: gr. 4-7, o.l.v. me. C. Louw en begeleidster, me. M. Engelbrecht
- Oefentye: Junior Koor – Di. en Vr. 07:30-08:10<br>Senior Koor – Wo. en Do. 07:15-08:00
- Keuring aan die hand van stemtoetse (gewoonlik Januarie).
- Tree op in skooldrag.
- Senior Koor hou 'n oefenkamp / -middag gedurende kwartaal 2 met die oog op die aanleer van repertorium.

12.2 **<u>Blokfluit, klassieke klavier, klawerbord, viool</u>**

- Kwaliteitonderrig deur gespesialiseerde musiekonderwysers.
- Individuele- of groeponderrig in blokfluit en viool (afhangende van vordering en ontwikkelingsvlak)
- Deurlopende assessering van praktiese en teoretiewe werk.
- Voorbereiding van leerlinge vir Royal Schools en Unisa eksamens; asook eisteddfod-deelname.
- Musiek voorspeelaand: minstens 1 x per jaar.
- Musiekonderrig is geprivatiseer.
- Onderrigfooie word jaarliks hersien.
- Kontakpersone:<br>Me. C. Louw – 082 595 2158 (klavier, blokfluit)<br>Me. J. Lategan – 082 976 0756 (klavier)<br>Mnr. H. Duminey – 083 505 1422 (viool)<br>Me. J. Salies – 083 389 7796 (Hoërskool Gimnasium Paarl: klarinet, saksofoon, tromme)

12.3 **<u>Slagorkes</u>**

- Senior Slagorkes (gr. 4-7).
- Gratis deelname vir alle leerlinge wat die vreugde daarvan om saam musiek te maak, wil ervaar.
- Orff-instrumente in kombinasie met bv. blokfluite, viole, ens. word gebruik.

12.4 **<u>Interskole Kunstefees</u>**

- Slegs woordkuns-inskrywings.
- Maksimum hoeveelheid deelname soos deur sillabus riglyne toegelaat word aangemoedig.
- Indien nodig, word uitdunne gehou om kandidate te bepaal.

12.5 **<u>Paarl Vallei Eisteddfod</u>**

- Deelname aan klavier, blokfluit en koorsang.

12.6 **<u>Redenaars</u>**

- Ontwikkel die vaardigheid om met selfvertroue en gemak beredeneerbare toesprake voor 'n gehoor te lewer.
- Interne Redenaarskompetisie: gr. 2-3; gr. 4-5 en gr. 6-7 afdelings. Gr. 2-5 leerlinge lewer slegs voorbereide toesprake en gr. 6-7 leerlinge lewer beide voorbereide en onvoorbereide toesprake.
- Interskole Redenaarskompetisie in samewerking met Die Afrikaanse Taalmuseum en –monument en Die Afrikaanse Onderwysnetwerk. Twee gr. 6/7 deelnemers per genooide skool. Slegs onvoorbereide toesprake.
- Deelname aan ATKV Redenaarskompetisie (gr. 2-7 leerlinge).

12.7 **<u>Gimmie-kuns</u>**

- Gekwalifiseerde kunsonderwyseres.
- Lokaal: Kunsklas
- Deelname:

Gr. 2 - 4 leerlinge: Ma. 14:20-15:05 of Di. 13:45-14:30
Gr. 5 - 7 leerlinge: Ma. Di. of Wo. 14:20-15:05

- Kwartaallikse fooi betaalbaar.

12.8 **Kunsuitstalling**

- Leerlinge se kunswerke word 1 x per jaar uitgestal.
- Bywoning deur die publiek, ouers, mede-leerlinge.

12.9 **Drama**

- Gekwalifiseerde drama-onderwyseres
- Deelname: gr. 4-7 leerlinge.
- Lesse vind plaas in groepsverband.
- Maandae 15:30-16:30.
- Praktiese en teoretiese werk word geïnkorporeer tydens lesse.
- Leerlinge ontdek 'n nuwe leefwêreld en selfvertroue word bevorder deur die kuns van drama.
- Kwartaallikse fooi betaalbaar.

12.10 **Teaterproduksies**

- Teatergeselskappe/Kunstenaars besoek die skool, bv. Storieskip, poppekas, ens.
- Blootstelling en belewing van alle aspekte van teater, bv. akteurs, décor, kostuums, klank, beligting, choreografie, ens.
- Bywoning teen betaling (vrywillig).

12.11 **LAPA-boekbekendstelling**

- Boeke word uitgestal en te koop aangebied.
- Bekendstelling van nuwe publikasies deur bekende, besoekende skrywers.

12.12 **Konsertsiklus**

- 'n Siklus word gevolg om leerlinge bloot te stel aan 'n wye verskeidenheid kultuuraktiwiteite deur die loop van hul laerskoolloopbaan.
- Die siklus sluit in: Kunstefees (kort toneelopvoerings in graadverband rondom 'n sentrale tema), GF produksie, IF/SF produksie, koorfeeste saam met bekende kunstenaars, Kersliggie-aand @ Chevé, ens.

12.13 **Ander kultuuraktiwiteite**

- Bv. herdenkings van bekende stryders in die totstandkoming van Afrikaans as taal (Ds. G.W.A. van der Lingen, S.J. du Toit, A. Pannevis, D.F. du Toit), die FAK se Skoolliedprojek, 'n outydse haarstyl en kosblikdag, herdenking van spesiale dae, soos bv. Erfenisdag, Bok Vrydae, ens.

12.14 **Ballet, Moderne danse, Hip-Hop**

- Dance Mouse (geprivatiseer) bied klasse aan in ons skoolsaal (Di. en Wo.). Kontakpersoon: Me. A. Ballabio - 084 299 8822
- Joy Cargill (geprivatiseer) bied ballet aan in ons skoolsaal (Vr.). Kontakpersoon: Me. J. Cargill – 072 600 8037
- Ons kan ook enige navrae verwys na uiters knap dansonderwysers in die dorp.

12.15 **Geestelike weerbaarheid**

- Daaglikse skriflesing en gebed met respek teenoor alle gelowe.
- Saalopeninge op Maandae bevat 'n geestelike boodskap wat aansluit by ons skool se Christelike waardestelsel.
- Spesiale saalbyeenkomste en sprekers word gereël vir bv. Wêreldbiddag, Hemelvaart, Pinkster, ens.

- ◆ GChill word 1 x per week aangebied deur opgeleide ouers wat ‘n goedgekeurde geestelike program met die leerlinge volg. Kontakpersoon: me. Marlize Mulder – 083 704 2699.
- ◆ Mammas wat Omgee-gebedsgroep vir belangstellende ouers: me. Margeaux Heydenrych – 084 866 5481

12.16 **Uitreikaksies**

- ◆ Ons neem kwartaalliks deel aan ‘n omgee-projek waar ons uitreik na ons gemeenskap deur verskeie produkte in te samel en te skenk aan ‘n behoeftige organisasie.

## 13 SPORT

Massadeelname word aangemoedig en waar moontlik moet elke leerling ten minste 1 somer- en wintersport beoefen.

### 13.1 Somersport

| Sportkode | Kodehoof |
|---|---|
| Tennis | Mnr. N Theart |
| Skaak | Mnr. N Theart |
| Mini-krieket en krieket | Mnr. K. Hasley |
| Swem | Me. S Swart |
| Tweekamp | Me. S Swart |
| Atletiek | Mnr. L Bitterhout<br>Me. S Swart |

### 13.2 Wintersport

| Sportkode | Kodehoof |
|---|---|
| Rugby | Mnr. K Hasley |
| Netbal | Mnr. L Bitterhout |
| Hokkie | Me. S Swart |
| Landloop | Mnr. K Hasley |
| Skaak | Mnr. N Theart |

### 13.3 Sportfasiliteite

Die skool beskik oor die volgende sportfasiliteite: krieketveld met 5 krieketoefennette, tennisbane (4), rugbyvelde (2), netbalbane (4), hokkievelde (2) en astro (1), Chevé-sportgronde, onderdak verhitte swembad, Carel Redelinghuys Sport- en Kultuursentrum, stort- en kleedkamerfasiliteite, asook snoepie-geriewe. Dit is ook deel van die beplanning vir 2025 om twee netbalbane onder dak te plaas en die Carel Redelinghuys Sport- en Kultuursentrum te vergroot.

### 13.4 Sportdrag

- Sportoefeninge kan in enige gemaklike en geskikte **sportdrag** bygewoon word.
- Alle sportdrag moet gemerk wees.
- Die amptelike sportdrag is die **Farbé** sportdrag, wat by **De Jagers Uitrusters, Hoofstraat, Paarl** gekoop kan word. **Klere sonder ‘n * kan by enige verskaffer aangekoop word. Sommige ander items kan by KOOP@1885, ons skool se aanlynwinkel, aangekoop word.**
- Indien ‘n leerling nie ’n Gim-sweetpak het nie, moet **skooldrag** voor wedstryde gedra word.
- Die Gim-hokkiestoksak is opsioneel en te koop by **KOOP@1858**.
- Die korrekte sportdrag is verpligtend vir alle wedstryde.
- Kort- en langmou groen opwarmingshemde mag slegs gedra word onder die sweetpakbaadjie. Dit vervang nie die sweetpakbaadjie nie en mag dus nie daarsonder gedra word nie.

### 13.5 Kleredrag tydens wedstryde, byeenkomste, galas en Liggaamlike opvoeding.

| Seuns | Dogters |
|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| **Atletiek, Tweekamp** | *<u>Groen</u> Gim-atletiekbroekie / atletiek *tigh*t of Gim LO-broek<br>*Gim-atletiekfrokkie | *<u>Groen</u> Gim-atletiekbroekie / atletiek *tigh*t of Gim LO-broek<br>*Gim-atletiekfrokkie |
| **Krieket** | *Groen Gim LO-broek<br>*Gim LO-hemp<br>*Gim-rugbysokkies (o.11 – o.13) en wit Gim-sokkies (o.7 – o.9) **KOOP@1885**<br>Tekkies/krieketskoene<br>*Gim-pette | *Groen Gim LO-broek<br>*Gim LO-hemp<br>*Gim rugbysokkies (o.11 – o.13) en wit Gim-sokkies (o.7 – o.9) **KOOP@1885**<br>Tekkies/krieketskoene<br>*Gim-*peaks* |
| **Tennis** | *Groen Gim LO-broek<br>*Gim LO-hemp<br>Gim-sportsokkies **KOOP@1885**<br>Tekkies<br>* Gim-pette | *Groen Gim-rompie + groen *hot pants*<br>*Gim LO-hemp<br>Gim-sportsokkies **KOOP@1885**<br>Tekkies<br>*Gim-*peaks* |
| **Swem** | *Gim-swembroek of enige swart swembroek<br>*Gim-swempet (verpligtend)<br>Groen Gim-plakkies (opsioneel) **KOOP@1885** | *Gim-swembroek (eenstuk) of enige ander swart eenstuk swembroek<br>*Gim-swempet (verpligtend)<br>Groen Gim-plakkies (opsioneel) **KOOP@1885** |
| **Rugby** | *Wit rugbybroek (ekstra indien verkies: slegs wit *ski pants)*<br>*Gim-rugbytrui<br>Mondskerm | |
| **Netbal** | | *Groen Gim-rompie + groen *hot pants*<br>*Gim LO-hemp<br>Gim-sportsokkies **KOOP@1885**<br>Tekkies |
| **Hokkie** | *Groen Gim LO-broek<br>*Gim LO-hemp<br>*Swart, maroen en geel Gim-hokkiekouse<br>Tekkies/hokkiestewels<br>*Shin pads* en mondskerm | *Groen Gim-rompie + groen *hot pants*<br>*Gim LO-hemp<br>*Swart, maroen en geel Gim-hokkiekouse<br>Tekkies/hokkiestewels<br>*Shin pads* en mondskerm |

**Liggaamlike Opvoeding:** Gr.1-7 leerlinge kom met LO-klere op LO-dae skool toe. Hierdie LO-rooster word aan die begin van die akademiese jaar aan ouers gekommunikeer.

| | **Somer** | **Winter** |
|---|---|---|
| **Seuns** | ● Groen Gim LO-broekie<br>● Gim LO-hemp /wit gholfhemp<br>● Gim-sportsokkies / wit sokkies met tekkies<br><br>**Gr. 1 – 3 Swemdae:**<br>● Plakkies (verkieslik groen Gim-plakkies) saam met Gim LO-broek is slegs op <u>**swemdae**</u> toelaatbaar.<br>● Swempet, geskikte Gim of swart swembroek en swemhanddoek word op swemdae ingepak.<br>● Swembrille is opsioneel.<br><br>**Gr. 4 – 7 Swemdae:**<br>● Op swemdae word swempet, geskikte Gim of swart swembroek en swemhanddoek ingepak.<br>● Swembrille is opsioneel. | ● Skoolsweetpak / Groen Gim LO-broek<br>● Groen Gim langmou opwarmingstop mag slegs <u>onder</u> sweetpakbaadjie gedra word op LO-dae.<br>● Gim LO-hemp / wit gholfhemp<br>● Gim-sportsokkies / wit sokkies met tekkies (geen *secret socks*). |
| **Dogters** | ● Groen Gim-rompie/LO-broek + groen hot pants (Hot pants mag nie alleen gedra word nie.)<br>● Gim LO-hemp / wit gholfhemp<br>● Gim-sportsokkies / wit sokkies met tekkies. | ● Skoolsweetpak / Groen Gim LO-broek<br>● Groen Gim langmou opwarmingstop mag slegs onder sweetpakbaadjie gedra word op LO-dae. |

| | | |
|---|---|---|
| | **Gr. 1 – 3 Swemdae:**<br>● Plakkies (verkieslik groen Gim plakkies) saam met Gim LO-broek is slegs op **<u>swemdae</u>** toelaatbaar.<br>● Swempet, geskikte Gim of swart eenstuk swembroek en swemhanddoek word op swemdae ingepak.<br>● Swembrille is opsioneel.<br><br>**Gr. 4 – 7 Swemdae:**<br>● Op swemdae word swempet, geskikte Gim of swart eenstuk swembroek en swemhanddoek ingepak.<br>● Swembrille is opsioneel. | ● Gim LO-hemp / wit gholfhemp<br>● Gim-sportsokkies / wit sokkies met tekkies (geen secret socks). |

13.6 **<u>Sportbeleid</u>**

Die sportbeleid is beskikbaar op versoek by die administratiewe kantoor en kan besigtig word by die skool.

13.7 **<u>Algemeen</u>**

- Afwesigheid van oefeninge of wedstryde sonder toestemming is onaanvaarbaar.
- Wanneer ‘n leerder op ‘n Donderdag afwesig is, mag sy/hy nie die Vrydag wedstryd speel nie. Geen sport mag ook op ’n Saterdag gespeel word, indien hy/sy op ’n Vrydag afwesig is nie.
- Onttrekkings uit 'n span sonder 'n geldige rede word nie aanvaar nie.
- Wanneer met 'n sportkode begin word, moet daarmee volhard word.
- **Geen** juweliersware en kougom tydens oefeninge of wedstryde.
- Vir enige navrae/ klagtes – volg die korrekte kommunikasiekanale. Kontak eerste die afrigter van die betrokke span. Daarna die sporthoof of sportkantoor.
- Slegs o.13A-spanne dra geborgde klere.

14 **<u>LEIERSKAP</u>**

<u>Hoofleiers 2025:</u>

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoofseun: | Gerhard Brandt | Hoofdogter: | Noa Rossouw |
| Onderhoofseun: | Dawie de Villiers | Onderhoofdogter: | Gabriella Ferreira |

Die demokraties verkose leerlingraad van Laerskool Paarl Gimnasium streef na uitnemendheid deur leierskapontwikkeling en dienslewering in die skool en breër gemeenskap.

15 **<u>ALGEMEEN</u>**

15.1 **<u>Veiligheid</u>**

- Die skoolgebou is met 'n alarmstelsel toegerus.
- Alle besoekers moet eers by ontvangs aanmeld.
- Daar is ook op weeksdae (gedurende die dag) ‘n veiligheidswag op die skoolterrein.
- Die dra van veiligheidshelms vir fietsryers word aanbeveel.
- Ouers wat nie op WhatsApp groepe of skoolkanale wil ingesluit wees nie, moet die adminkantoor in kennis stel by: admin@kleingim.co.za

15.2 **<u>Afwesigheid</u>**

Indien 'n leerling afwesig is, ***moet u ontvangs*** (*ontvangs@kleingim.co.za* ) ***voor 08:00*** in kennis gestel word EN 'n brief van die ouer/voog moet met die terugkeer van die leerling aan die

NB! klasopvoeder oorhandig word. 'n Doktersertifikaat moet op die derde opeenvolgende dag van afwesigheid getoon kan word.

15.3 **Uitstappies/Toere/Kampe**

Dit sluit o.a. in die Gimmie-Vasbyt (gr. 7 leerlinge), die gr. 6 leierskapkamp, sporttoere en klasuitstappies per graad, kampweek vir gr. 5 - 7, Oranjerivier-roei vir gr. 7 ens.

- Daar word slegs van busvervoer gebruik gemaak tydens uitstappies/toere/kampe, soos gereël deur die skool.
- Klasuitstappies vorm deel van buitelugopvoeding en word versprei deur die jaar sodat dit aanpas by die graad se kurrikulum.
- Ouers voltooi eenmalig ‘n vrywaringsvorm aan die begin van die jaar wat vir die hele jaar geldig is.

16 **GIMNASIUM SKOOLLIED**

In die middel van die Pêrelstad
deur die natuur bekoor.
Staan onse skool
Waarvan jul nog die helft' nie het gehoor.
Gimnasium is sy soete naam,
ons min hom almal teer.
En strewe na sy roem en faam.
Sy glorie en sy eer.
Sy glorie en sy eer,
Sy glorie en sy eer,
En strewe na sy roem en faam,
Sy glorie en sy eer.

17 **GIMNASIUM LEUSE - "Sol Justitiae Illustra Nos"**

~ Die son van geregtigheid bestraal ons ~

18 **SLOT**

**Leerlinge**

Ons Gimmies, hul optrede en groei, is vir ons baie kosbaar. In hierdie skool kan elke Gimmie 'n verskil maak. Ons respekteer mekaar se menswaardigheid en tree verantwoordelik op met die klem op selfdissipline.

**Ouers**

Oop, gesonde kommunikasiekanale, asook wedersydse vertroue en vennootskap vorm die kern van ons verhouding. Laat ons dit in belang van ons kinders koester.

**Mag 2025 vir u 'n kosbare jaar wees!**

Mag elke moment elke dag daar wees om aan te gryp. Mag ook u persoonlike lewens sinvol en betekenisvol wees met die genade van ons Hemelse Vader wat waak en sorg.

*Dit is sukses!*

*Om onreg te verdra sonder om te vergeld;*
*Om jou plig te doen wanneer jy nie dopgehou word nie;*
*Om aan te hou totdat jou taak afgehandel is;*
*Om kritiek te aanvaar sonder dat dit jou onderkry ...*

*~A. Kitching ~*